# AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80 – 100% | KODE 6 Verdienstelik 70 – 79% | KODE 5 Beduidend 60 – 69% | KODE 4 Voldoende 50 – 59% | KODE 3 Matig 40 – 49% | KODE 2 Basies 30 – 39% | KODE 1 Ontoereikend 0 – 29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING EN FORMAAT (13 PUNTE)** | **10½ – 13**<br>- Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.<br>- Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie.<br>- Teks algeheel samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot ŉ feitlik foutlose, gepaste teks.<br>- Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/uitmuntend. | **9½ – 10**<br>- Goeie kennis van vereistes van teks.<br>- Gedissiplineerde skryfwerk; behou fokus; byna geen afwykings nie.<br>- Inhoud en idees samehangend,alle details ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot ŉ goedsaamgesteld-de, gepaste teks.<br>- Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik. | **8 – 9**<br>- Redelike kennis van vereistes van teks.<br>- Behou fokus; onbe-nullige afwykings.<br>- Inhoud en idees samehangend; detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot ŉ gepaste, goeie teks.<br>- Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend. | **6½ – 7½**<br>- Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oor-hoofse betekenis nie.<br>- Inhoud en idees voldoende same-hangend; sommige van die detail onder-steun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot ŉ bevredigende teks.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | **5½ – 6**<br>- ŉ Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon ŉ oppervlak-kige fokus.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag.<br>- Inhoud en idees gemid-deld samehangend; basiese detail onder-steun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot ŉ gemiddelde/redelike, verstaanbare teks.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | **4 – 5**<br>- ŉ Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon ŉ beperkte fokus.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis plek-plek verwarrend.<br>- Inhoud en idees omtrent nie samehangend nie; min detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging gebrekkig; teks nie goed aangebied nie.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | **0 – 3½**<br>- Geen kennis van vereistes van teks nie.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend.<br>- Inhoud en idees is nie samehangend nie; te min detail onder-steun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie; swak aanbieding van teks.<br>- Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING (7 PUNTE)** | **6 – 7**<br>- Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>- Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register baie toepaslik.<br>- Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreen-stemming met vereistes. | **5 – 5½**<br>- Teks is gramma-tikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>- Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register meestal toepaslik.<br>- Teks oorwegend foutloos na proef-lees en redigering.<br>- Lengte is in ooreen-stemming met vereistes. | **4½**<br>- Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel.<br>- Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br>- Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | **3½ – 4**<br>- Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.<br>- Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register voldoende.<br>- Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte is amper korrek. | **3**<br>- Teks is basies saam-gestel; verskeie foute.<br>- Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>- Styl, toon en register toon gebreke.<br>- Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte is te kort/te lank. | **2½**<br>- Teks is swak en moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>- Styl, toon en register nie geskik vir onder-werp nie.<br>- Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>- Lengte is te kort/te lank. | **0 – 2**<br>- Teks is swak saamgestel en verwarrend.<br>- Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie.<br>- Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br>- Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proef-lees en redigering.<br>- Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

Kopiereg voorbehou